

**Maandag 18 April**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:5**

**Daar is net een God, en net een Middelaar deur Wie ons na God kan kom**

Ongelukkig gebeur dit soms dat iets gebeur wat verhoudinge tussen parte so beskadig dat 'n tussenganger nodig is om die partye met mekaar te versoen en die verhouding te herstel. Met die sondeval is die verhouding tussen God en die mens so beskadig dat ons vyande van God geword het wat die allerverskriklikste straf en oordeel van God verdien.

Maar in vers 4 van ons Skrifgedeelte sê Paulus dat dit God se wil is dat mense nie verlore gaan nie, maar gered word. En die enigste manier waarop mense gered kan word, is as die verhouding tussen die heilige God en sondige mense herstel word. Hiervoor is 'n Middelaar, 'n Tussenganger nodig.

Wanneer Paulus in ons fokusvers sê: "*Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus ...*", beaam hy eintlik net wat Jesus in Johannes 14:6 oor Homself gesê het, naamlik: "*Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.*"

As Middelaar is dit as't ware of Christus sy een hand op jou skouer plaas en sy ander op dié van die Vader en alles doen wat nodig is om die vrede, liefde en harmonie tussen jou en die Vader te herstel. Hy het jou sondeskuld betaal, jou sonde op Hom geneem en sy heiligheid en geregtigheid vir jou aangetrek sodat jy met die kleed van Christus se regverdigheid, na God kan kom.

Ja, daar is net een Middelaar, Christus Jesus. Daar is geen ander manier om na God te kom nie, geen Maria-verering of enige iets of iemand deur wie ons na God kan kom nie. Bid daarom dat mense van alle volke, tale en nasies hierdie Waarheid, hierdie enigste Middelaar mag leer ken, en in geloof tot God sal kom.

*Sing: Skrifberyming 1-3:1-3*

*Ds. W Viljoen (Werner) (Bultfontein)*